

NG KERK VRYSTAAT GELEGITIMEERDES - NOVEMBER 2019



Hané Bornman is op 2 Augustus 1994 in George gebore. Hané het gematrikuleer aan Langenhoven Gimnasium, Oudtshoorn in 2012. Aan die UV behaal sy die graad BTh in 2017 en aan die einde van 2018 haar MDiv-grad. Haar skripsie vir die voltooiing het gehandel oor: “Die gebruik van musiek in narratiewe pastoraat: ’n Outobiografiese prakties-teologiese beskrywing”. Sy het haar gemeentejaar by NG Gemeente Bultfontein in die Vrystaat voltooi. Sy is in 2019 getroud met Barend Bornman, ’n boer in die distrik van Bultfontein. Haar belangstelling in die bediening word gedryf deur die genadegawes wat sy van God ontvang het. Musiek, pastorale sorg, bejaardes en sending/uitreik lê haar na aan die hart. Haar strewe is om God opreg te dien en sy liefde uit te leef.

Sel: 078 090 6330

E-pos: hanefourie@gmail.com



Stefan Le Roux Engelbrecht is op 27 Augustus 1993 in Ladysmith, KwaZulu-Natal gebore. Stefan het gematrikuleer aan Hoërskool Nico Malan in 2011. Aan die UV behaal hy die graad BTh in 2016 en MDiv in 2018. Die titel van sy skripsie was: “Koffie? ’n Prakties-teologiese beskrywing van gasvryheid.” Hy het sy gemeentejaar by NG Gemeente Stellenbosch-Noord voltooi onder die leiding van ds Lambert Jacobs. Sy belangstelling in die bediening sluit in: jeugbediening, gasvryheid, pastorale sorg en die wyse waarop God teenwoordig is in die realiteit van mense se bestaan.

Sel: 067 035 0863

E-pos: mail.stefan.engelbrecht@gmail.com



Ruan Janse van Rensburg is op 12 September 1995 in Bethlehem gebore. Hy het in 2013 aan Voortrekker Hoërskool in Bethlehem gematrikuleer. Hy behaal ’n BTh-grad aan die UV in 2017. Hy behaal ’n MDiv-grad einde 2018 met die titel: “’n Missiologiese ondersoek: die bediening van ver-soening teenoor self-aktualisering”. Hy het ondersoek ingestel na die manier waarop die Gereformeerde tradisie sending verstaan, teenoor dié van die CRC. Hy voltooi sy gemeentejaar by NG gemeente Hugenoot onder leiding van dr Nico Mostert. Hy is daarvan oortuig dat die NGK geroep word om missionaal te werk te gaan.

Sel: 071 635 2898

E-pos: charlijvrensborg@gmail.com



Francois Jonker is op 22 Desember 1994 in Potchefstroom, Noordwes gebore. Francois het gedurende 2013 aan Hoërskool Bothaville gematrikuleer. Aan die UV behaal hy die graad BTh in 2017, aan die einde van 2018 sy MDiv-grad en in 2019 sy PGDip. Sy skripsie vir die voltooiing van die MDiv-grad het gehandel oor “Wildstropery en die Goddelike opdrag van ‘woon en bewerk die aarde’: ’n Eietydse interpretasie van ’n etiek van diere”. Hy het sy gemeentejaar by Moedergemeente Bothaville voltooi onder die leiding van dr Pieter van Jaarsveld. Francois is ’n ekstrovert en beskik verder ook oor goeie menseverhoudings. Juis daarom geniet hy dit om met die hele gemeentespektrum te werk, van jong dooplidmate tot bejaarde belydende lidmate in die ouetehuis. Verder ag hy dit ook belangrik om huisbesoek te doen sodat daar ’n band van vertroue tussen die leraar en die gemeentelid kan wees. Hy funksioneer ook gemaklik binne spanverband op grond van sy persoonlikheidsprofiel.

Sel: 071 562 8057

E-pos: 0715628057@vodamail.co.za



Julian Philip Olivier is op 12 Februarie 1995 in Welkom, Vrystaat gebore. Julian het gematrikuleer aan Goudveld Hoërskool in 2013. Aan die UV behaal hy die graad BTh in 2017 en aan die einde van 2018 sy MDiv-graad. Sy skripsie het gehandel oor: “God die Vader - Die (her)vertelling van ons gewonde verhale.” Hy het sy gemeentejaar by NG Gemeente Moreletapark voltooi, hoofsaaklik onder die leiding van ds Janlu Kuyler en ds PC Pretorius. Sy belangstelling in die bediening spruit vanuit die oortuiging dat hy geroep is om in diens van die Here Jesus Christus te staan. Om predikant te word was nog altyd sy droom. ’n Fokus op Skrifgetroue prediking, apologetiek, jeugbediening en pastoraat is waar sy belangstellings lê.

Sel: 071 877 2486

E-pos: julzolivier@gmail.com



Zilke Mahabeer: “My hoop vir die kerk is nie gewortel in die skynbare eenheid of onenigheid nie. My opgewondenheid vir die kerk vind ek slegs by die oorsprong van die kerk, Jesus Christus. God is altyd besig met die kerk. Alhoewel profetiese dialoë kardinaal is vir die wese en essensie van die kerk, kan ons nie soos ’n ankerlose boot deur die golwe van argumente meegesleur word nie.” Dís waarom Zilke Mahabeer van Bloemfontein opgewonde is om in die bediening te gaan, ten spyte van hewige verskille in die NG Kerk. Zilke, wat eers vir agt jaar in die onderwys was, sê sy wil graag wees “waar die hande vuil word, waar die moeilike vrae nie geantwoord kan word nie, waar die gelowige worstel met die realiteite van die lewe, waar kinders iets begryp van die koninkryk wat óns nie doen nie”. Zilke vertel dit was ’n groot besluit propvol uitdagings om met ’n gesin uit die onderwys te bedank en weer voltyds te studeer. Sy en haar man Naresh het ’n seun SJ (6) en ’n dogter Lilian (3). Sy sê: “Ek is baie dankbaar vir die klas waarby ek kon inskakel. Hierdie pragtige, entoesiastiese klomp jong mense het my met ope arms verwelkom en as deel van hulle aanvaar.” Zilke het haar gemeentejaar by die Geloofsentrum Universitas voltooi. Volgens haar bied die bediening ook vele uitdagings aan gesinne, maar sy is dankbaar vir haar man “wie se hart net so sterk vir die evangelie klop”. Haar belangstelling in die bediening lê by prediking, jeugbediening en vrouebediening.

Sel: 071 491 6496

E-pos: mahabeerzilke@gmail.com



Stefanes Johannes Lodewickus Schoeman is op 19 Oktober 1995 te Bloemfontein, Vrystaat gebore. Stefan het in 2013 aan Hoërskool Marquard gematrikuleer. Aan die UV behaal hy sy BTh in 2017 en aan die einde van 2018 sy MDiv-graad. Sy skripsie het gehandel oor: “Die verhouding tussen die Afrikaner-Broederbond en die Nederduitse Gereformeerde Kerk - 1880-1978.” Hy het sy gemeentejaar by die NG Gemeente Brandfort onder leiding van ds Jannie du Plessis en by die NG Gemeente Excelsior onder leiding van dr Johan Marais voltooi. Sy belangstelling in die bediening is om diensbaar te wees vir Christus op elke vlak van die bediening. Hy voel veral geroepe om op die platteland diensbaar te wees vir die liefde van die kerk en die mens, asook die behoud van die kerk op die platteland.

Sel: 071 872 9813

E-pos: sjl.schoeman@gmail.com



Danell Swanepoel is op 19 Mei 1993 te Pretoria gebore. Danell het in 2011 aan Hoërskool Ficksburg gematrikuleer. Aan die UV behaal sy die graad BTh in 2017, aan die einde van 2018 haar MDiv-graad en aan die einde van 2019 haar PGDip-nagraadse diploma. Die titel van haar skripsie vir die voltooiing van die MDiv is: “‘My dearly beloved’: The absence of participation of newly converted women in Christian faith communities: A missiological approach”. Sy het haar gemeentejaar by

die NG Gemeente Bloemfontein-Wes, onder die leiding van ds Johan David, voltooi. Haar oortuiging is dat sy in diens van die Drie-enige God staan en dit is ook vanuit dié oortuiging wat haar roeping spruit. Haar roeping behels 'n passie vir die evangelisering van onbereikte persone, die bemoediging van vlugtelinge, die skakeling van gelowiges, dissipelmaking en die Skrifgetroue toerusting van dissipels.

Sel: 073 877 2546

E-pos: danellswanepoel93@gmail.com



Henco Venter is op 27 Maart 1992 in Bloemfontein gebore. Henco het aan Hoërskool Grey Kollege in 2010 gematrikuleer. Aan die UV behaal hy sy BTh-grad in 2015 en aan die einde van 2016 sy MDiv-grad. Sy skripsie vir die voltooiing van die MDiv-grad het gehandel oor: “Colonialism in Africa and it’s impact: Towards an inculturation missional approach.” Hy het sy gemeentejaar by Geloofsentrum Universitas voltooi onder die leiding van dr André Oosthuizen. Hy het sy nagraadse diploma in teologie aan die einde van 2017 voltooi. Sy belangstelling in die bediening is vanuit die oortuiging dat hy geroep is om in diens van Jesus Christus te staan - die belangrikste rede vir sy aanmelding. 'n Fokus op Skrifgetroue prediking en 'n liefde vir die lidmate dien ook as enkele uitgangspunte vir sy belangstelling in die bediening.

Sel: 084 053 0069

E-pos: hventer521@gmail.com



Christiaan Wheeler is op 15 Desember 1995 in Sasolburg, Vrystaat gebore. Christiaan het in 2013 aan die Hoërskool Transvalia gematrikuleer. Christiaan het sy BTh-grad in 2017 behaal en sy MDiv-grad in 2018 aan die UV. Christiaan se skripsie het gehandel oor Dietrich Bonhoeffer se weerstandsteologie, met die titel, “Weerstand of oorgawe: 'n Analise van die teologie van Dietrich Bonhoeffer.” Christiaan het sy gemeentejaar by twee gemeentes, wat saam een gebou gebruik, gedoen. Die een gemeente was die NG Gemeente La Belle, 'n horende gemeente in Bellville. Christiaan het ook 'n groot deel van sy gemeentejaar by NG Gemeente De La Bat, 'n dowe gemeente, deurgebring. Christiaan het by die dowe besef dat God hom uit gemaksones roep om te dien. Sy belangstelling in die bediening is om Skrifgetrou te preek, asook musiek- en kleingroepbediening. Christiaan is gemaklik om mense van enige ouderdom te bedien, omdat hy deur sy studies en sy gemeentejaar met mense dwarsoor die ouderdomspektrum gewerk het. Christiaan het ook 'n hart vir armes en haweloses en sal graag in sy bediening ook hierop wil fokus. Christiaan is getroud met Wilmi Wheeler.

Sel: 066 229 2428

E-pos: wheelercj123@gmail.com